**3 September**
**Skrifgedeelte: Jesaja 49:14-26**
**Fokusgedeelte: Jesaja 49:16 (OAV)**

## Ingegraveer

Onthou ... en vergeet. Dit is twee van die wonderlikste gawes van God aan die mens. *Vergeet* kan tegelyk vreugde en smart oproep. Immers, dit is smartlik as dierbares mekaar vergeet, as ‘n vrou haar suigeling vergeet, as vriende mekaar nie meer onthou nie, as ek ‘n ou bekende se naam vergeet, as ek ... noem maar op! Vreugdevol is dit egter as iemand my foute vergeet en nie "ou koeie" uit die sloot opgrawe nie. Hoe vreugdevol is dit as God my die genade skenk om my sondige verlede te vergeet, só te vergeet dat ek dit sonder pyn kan onthou. Die vreugde is dubbel so groot om te weet dat God my sonde vergeet, dat Hy dit agter Hom werp om nooit weer daaraan te dink nie.
Die wonderlike evangelie van die slotwoorde van Jesaja 49:15 is dat God alleen die *sonde* vergeet, maar nooit die *sondaar* nie: " ... nogtans sal Ek jou nie vergeet nie ...”
Dat God ons nie vergeet nie, sien ons op Golgota. Daar het God sy eie kind "vergeet" – "My God, My God, waarom het U my verlaat?" As gevolg daarvan sal ons nimmer as te nooit deur God vergeet word nie. Watter troos moet dit nie vir die Babiloniese ballinge gewees het om te weet dat God hulle nie vergeet het nie! Watter troos is dit nie vir die kind van die Here nie: God vergeet my nie!
*Sing: Psalm 138:1,4 Ds PGL van der Walt (Emeritus)*